1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 5 – 9 FEBRUARIE 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Die volgende personeel vier hul verjaarsdae dié week:
Mev. Stefanie Matthee op Donderdag 12 Februarie en Mev Mariane Malan op Vrydag 13 Februarie. Baie geluk aan dié personeel!

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2015

12 Februarie	**TOETS: WISKUNDE** **Atletiek Cluster (L/S DM) na skool. Program sal voorsien word sodra ons dit ontvang het.**
13 Februarie	**Graad 7 Sokkie** **Skaak Interhuis 13:15 in K31** **VALENTYNSDAG BY SKOOL. Leerlinge dra rooi, pienk of wit. Geen koste.** **SKOOL KOM 13:00 UIT**
16 Februarie	**Interne Redenaars Gr 1 – 3 18:00**
17 Februarie	**Interne Redenaars Gr 4 – 5 18:00** **NETBALOEFENING 0/7 – 0/11 BEGIN**
18 Februarie	**Interne Redenaars Gr 6 – 7 18:00**
19 Februarie	**TOETS: AFRIKAANS**
20 Februarie	**Atletiek: Distriksbyeenkoms (tuis)**
23 Februarie	**Tennis liga** **Leerlinge dra gewone klere op hoof se verjaarsdag.**
25 Februarie	**Foto's: klasgroepe en Individuele foto's**
26 Februarie	**TOETS: NW/TEG GR. 4 – 6 EN NW GR. 7**
2 Maart	**Tennisliga**
3 Maart	**TOETS: AARDRYKSKUNDE**
4 Maart	**Rugby Bulletjies Midstream 18:00**
5 Maart	**TOETS: GESKIEDENIS** **Wêreld leesdag**
10 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
11 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
12 Maart	**TOETS: EBW GRAAD 7** **Rugby: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
16 Maart	**Tennisliga**
19 Maart	**TOETS: TEGNOLOGIE GRAAD 7**
20 Maart	**Rapporte: Grondslagfase en Graad R**
23 Maart	**Oueraand GF 17:30** **Tennisliga**
25 Maart	**SKOOL SLUIT 11:00** **MARKDAG GR 5** **Leerlinge betaal R5 vir gewone klere ten bate van die Behoeftige fonds.** **Rugbytoer na Sundown Ranch (O/12 en O/13)**

BELONING – VRYDAE 13:00:
Daar is 'n ooreenkoms met die leerlinge aangegaan. Indien die terrein elke dag netjies is vir een week lank, sal die skool die daaropvolgende Vrydag 13:00 uitkom. Daar moet dus geen papiere voor-skool, gedurende skooltyd en na-skool op die terrein wees nie. ***Op Vrydag 13 Februarie 2015 verdaag die Gr 1-7 leerlinge om 13:00, omdat hul hul kant van die ooreenkoms nagekom het.*** Ons sal u elke Dinsdag met ons weeklikse omsendbrief in kennis stel of die skool 13:00 uitkom al dan nie. Ons versoek asb. dat u die nodige reëlings sal tref vir eerskomende Vrydag. Ons gaan van die week af 'n Graad per week die geleentheid gee om na n pouse seker te maak die terrein is skoon. Hierdie week is Graad 3's se beurt. Die res van die leerlinge moet steeds help om papiere op te tel. Elke week gaan 'n ander Graad dié verantwoordelikheid kry. Ons terrein lyk al baie beter en die leerlinge leer om respek te hê vir hul omgewing. U aanmoediging tuis sal baie help.

ATLETIEK:
Baie geluk aan al die atlete se puik prestasies met die Wyksbyeenkoms. Ons het 29 eerste plekke verwerf, 29 silwer en 20 brons. Ons atlete het ook 7 Rekords gebreek. Daar is 43 atlete wat deurdring na die Cluster in 63 items. Die Cluster vind Donderdag na skool plaas op ons terrein. Ons sal die program aan u stuur sodra ons dit van die organiseerders ontvang het. Ons stel net ons velde beskikbaar. Sterkte aan al die atlete wat aan die Cluster gaan deelneem.

VEILIGHEID VAN LEERDERS IN DIE OGGENDE:
Ons kom agter dat party ouers hul kinders reeds vroeg in die oggende aflaai. Ons wil u graag weer herinner aan die volgende tye en voorsorgmaatreëls wat ons bied:

- Nagwag van 17:30 tot 05:30.
- Algemene Assistent by hoofhek in Jan van Riebeeckstraat vanaf 06:00.
- Puntdiensbeamptes van 06:30 tot 08:00 by die drie oorgange om die skool.
- Vyf personeellede is daagliks van 07:00 – 07:20 en pouses by die Intersenfase op terreindiens en tot 08:00 by die Grondslagfase.

Hou dit asseblief in gedagte as u, u kind kom aflaai in die oggende. Ons kan nie verantwoordelikheid aanvaar as kinders te vroeg afgelaai word, en te laat in die middae opgelaai word nie. Leerlinge wat aan Buitemuurse aktiwiteite deelneem is onder die toesig van die betrokke afrigter. Ons kom agter dat baie leerlinge na skool agterbly, sonder enige toesig en eers baie laat deur die ouers gehaal word. Die leerlinge is dikwels stout. Ouers van die betrokke leerlinge sal die kostes moet dra van enige skade wat hul kinders na-ure aanrig. Laerskoolkinders moet nog onder toesig wees na skool. Daar is heelwat naskole in ons omgewing wat die diens verskaf. U samewerking in die verband word waardeer.

DIEFSTAL:
Bring diefstal asseblief dadelik onder ons aandag. Ons het CCTV kameras op die terrein, stoepe en Intersenfase se klaskamers. Ons het ook sluitkaste teen R150 per jaar vir groot kaste, en R130 vir kleiner kaste, waarin die leerlinge hul waardevolle items kan toesluit. Ons wil u regtig aanmoedig om van die sluitkaste daarvan gebruik te maak, veral indien u kind waardevolle items skool toe bring. Waardevolle items soos selfone en tablette moet nie skool toe gebring word nie, en sal ongelukkig nie gesoek kan word nie. Dit is 'n redelike omslagtige proses om na verlore goedere te soek op die kameras, tensy die spesifieke datum, tyd en plek gegee kan word. Skoolklere moet duidelik gemerk word. Kinders steel nie sommer ander se skoolklere nie. Die skoolklere raak weg, omdat die kinders dit nie oppas nie. Alle gemerkte klere word aan die leerlinge terugbesorg. U is ook welkom om in die skool se verlore goedere mandjie in die siekekamer te kom soek vir verlore klere.

HUISWERK:
Neem asseblief kennis van die reëlings rondom huiswerk:

- Die leerlinge skryf die huiswerk van die bord af. Geleentheid word deur die onderwysers daaroor gegee.

.....

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 5/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 5 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 5 – 9 FEBRUARIE 2015

- Leerlinge wat nie hul huiswerk gedoen het, nie hul boek nie by die skool het nie of die huiswerk nie volledig gedoen het nie, ontvang 'n huiswerk inskrywing.
- Huiswerk is gewoonlik werk wat nie in die klas voltooi is nie, maar kan ook ander werk wees wat gedoen moet word.
- Die inskrywings vir huiswerk nie gedoen nie, word op Donderdae en Maandae ingelees, waarna die ouer 'n SMS sal ontvang.
- Die doel van die SMS is, sodat u as ouer bewus kan wees van die huiswerk wat u kind nie doen nie, sodat u pro-aktief kan optree.
- Ons het in die verlede eers na drie huiswerkinskrywings die ouers per SMS ingelig, maar doen dit nou na elke oortreding.
- Geen debiet word gekoppel aan huiswerk wat nie gedoen word nie.
- Leerlinge wat drie huiswerkinskrywings ontvang, moet 'n Strafklas sit en sal 'n skrywe daaroor ontvang.
- Strafklasse vind op Woensdae van 14:15 tot 15:15 plaas.
- Gedurende die Strafklas word die leerlinge die geleentheid gebied om hul agterstallige huiswerk te voltooi.
- Die leerlinge weet waarvoor hul 'n huiswerkinskrywing ontvang het.
- Die persoon wat die inskrywing gegee het, se naam verskyn op die SMS. Die onderwysers kan ongelukkig nie elke ouer skakel oor huiswerk wat nie gedoen is nie, en kan ook nie elke navraag oor huiswerk wat nie gedoen is nie beantwoord nie. (Die personeel het klas tot 14:00 en daarna vind Buitemuurse aktiwiteite of vergaderings plaas). Ons vra daarom dat u by u kind sal uitvind watter huiswerk in die betrokke vak nie gedoen is nie.
- Indien u kind aanhou om nie sy of haar huiswerk te doen nie, moet u asseblief die betrokke voogonderwyser/onderwyser skakel vir 'n afspraak.
- Huiswerk is baie belangrik vir vaslegging van die inhoud.
- Ons plaas nie alle huiswerk op die "School Communicator" nie. Huiswerk wat wel op die "School Communicator" gelaai word, is huiswerk wat vooraf bepaal is, en sluit nie werk wat tuiswerk is omdat dit nie in die klas voltooi is nie.
- U moet asseblief nie die personeel na-ure skakel oor huiswerk nie. Ons gee ook nie die personeel se persoonlike selfoonnommers uit nie. Respekteer asseblief ook die tyd wat personeel saam met hul gesinne spandeer.

Baie dankie aan elke ouer wat hul kind bystaan met huiswerk en optree as u kind nie huiswerk doen nie.

GRONDSLAGFASE TASSE:

Ons herinner die ouers daaraan dat geen kinders in die Grondslagfase rondom die Mediasentrum mag loop in die oggende nie. Die leerlinge moet ook nie tussen die klasse beweeg in die oggend nie. Dit is baie steurend vir die leerlinge in die Intersenfase wat reeds met klasse begin het. Ons gaan in die vervolg die Gr 2-3 leerlinge toelaat om hul tasse in klasverband by die losie neer te sit in die oggende en die Gr 1's steeds aan die agterkant van hul klasse. U samewerking in die verband word waardeer.

SCHOOL COMMUNICATOR:

Die "D6 School communicator" is beskikbaar en kan op enige rekenaar en slimfoon afgelaai word. Verkry so al die skoolinligting op u foon, rekenaar of tablet. Onthou om u "school communicator" te verpersoonlik (personalize). M.a.w. merk net die inligting wat u wil ontvang bv. As u 'n Graad 1 ouer is merk net Graad 1, dan ontvang u net inligting wat op u van toepassing is.

BEHEERLIGGAAMSVERKIESING:

Beheerliggaamverkiesing 2015. Die verkiesing van 'n nuwe Beheerliggaam vir Laerskool Danie Malan sal Woensdag, 11 Maart 2015 plaasvind. Die nominasietydperk open reeds 26 Februarie vir voorafnominasies. Die sukses van ons skool is afhanklik van die ondersteuning van ons ouers, en die bydrae wat hulle kan lewer. Die Beheerliggaam vervul 'n baie belangrike rol in die bestuur van die skool en om kwaliteit en gehalte van onderrig te verseker (in belang van die gemeenskap). Tydens die verkiesing kry ouers die geleentheid om by die bestuur van die skool betrokke te raak en hulle keuse, oor wie die skool moet bestuur, uit te oefen. Kandidate moet oor spesifieke vaardighede beskik om spesialis-bydraes te kan lewer tot die funksionaliteit, van die Beheerliggaam en skool. Die besondere vaardighede wat veral op die Beheerliggaam benodig word sluit in: 'n regsgeleerde 'n ouditeur of rekenmeester, 'n ingenieur, 'n IT-spesialis, 'n beleidskrywer, 'n terreinspesialis, 'n sportkundige, 'n akademikus op tersiêre vlak en 'n veiligheidsdeskundige.

WêRELD LEESDAG 5 MAART 2015:

Donderdag 5 Maart vier ons leesdag in ons skool. Met ons leesdag poog ons om al ons leerders van alle ouderdomme aan te moedig om tyd te maak om van hul gunsteling boeke te lees. Ons loots ook 'n "Koop 'n boek" projek waar ons ouers aanmoedig om 'n boek te koop en dit dan aan die skool te skenk, of om 'n gebruikte een wat steeds in 'n goeie toestand is vir ons te stuur. Stuur asb die boeke wat u skenk voor of op 5 Maart 2015.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/01/01	Skoolfonds & ADM	R850,00

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 5 – 9 FEBRUARIE 2015

2015/01/08	2872	R770,00
2015/01/08	Botha A	R700,00
2015/01/13	3604	R740,00
2015/01/13	R0z Miane	R2 010,00
2015/01/14	Mia Loots GR R	R2 000,00
2015/01/15	Skoolfonds	R2 000,00

VALENTYNSDAG:
Vrydag, 13 Februarie mag die leerlinge enige rooi, wit of pienk betaamlike klere aantrek. Daar is geen koste daaraan verbonde. Die leerlinge bring steeds hul tasse en dit gaan 'n normale skooldag wees. Skoolreëls geld vir hare en juwele.

GEDENKMUUR:
Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7's van 2015 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2015.

NETBAL O/13:
Belangrike datums:

- Netbaloefening: 27 Februarie vanaf 15:00 – 17:00.
- 7 Maart : L/s Boerefort
- 13 – 15 Maart: Camp Emeritus
- 11 April 08:00 – 11:30 Netbaloefening.

NETBAL 0/7 – 0/13
Alle dogters van 7-11 jaar wat netbal wil speel kan vanaf Dinsdag 17 Februarie die oefeninge bywoon. Daar sal vir elkeen teen die einde van die week briefies uitgedeel word met oefentye en afrigters. Alle inligting sal ook op die School communicator beskikbaar wees.

SKAAK:
Skaaklesse vind op Donderdae middae plaas en word deur 'n buite-afrigter aangebied, me. Lelanie van der Westhuizen tel. 084 403 4319. Leerders wat reeds kan skaak speel, moet asb. Vrydag 13 Februarie om 13:15 by K31 aanmeld vir die interhuis toernooi wat tot 16:15 oor 4 rondtes gespeel gaan word.

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:
Daar is gratis middelafstand oefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 van Maandae tot Donderdae.

MY SCHOOL EN MAKRO:
Ons herinner u daaraan om u "My school" kaart te gebruik. Elke keer wat u aankope met die kaart doen, ontvang die skool 'n gedeelte van u aankope. Maak ook seker dat u Makro kaart gekoppel is aan Danie Malan. Ons verdien baie geld, net omdat u as Danie Malan ouer by Makro aankope doen. Ons het van Junie – Desember 2014 R30 000 verdien. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het! **U MOET ELKE JAAR WEER U MAKRO KAART KOPPEL.**

"BEE" of SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING "SEB":
Indien daar ouers is wat betrokke is by Swart Bemagtiging akkreditasie, of ouers wat BEE bydraes moet maak om geakkrediteer te word, kan u vir Adel Jordaan skakel. Sy kan aan u verduidelik hoe die skool daaruit voordeel kan trek. Vir meer inligting skakel Adel by 0727808360.

HERWINNING:
Ons herwin papier. Indien u tydskrifte of boeke het kan u dit in ons Mondi-drom kom gooi in Koos de La Reystraat. U kan ook gebruikte wit papier wat geen krammetjies in het nie kantoor toe stuur. ONS AANVAAR ONGELUKKIG NIE MEER ANDER HERWINBARE MATERIAAL SOOS KOELDRANKBOTTELS NIE.

CANVAS SAKKIES VIR LEERDERS SE SKRIFTE EN CANVAS SAKKIES VIR HANDBOEKE:
Die leerders het handboeke aan die begin van die jaar ontvang. Ons wil graag hierdie handboeke vir nog 5 jaar gebruik. Om u kind se skrifte en handboeke te beskerm, bestel by ons Canvas zip sakkies beskikbaar @ R160 vir 6. Of u kan een sakkie bestel vir R30,00.Die fondse wat ingesamel word gaan vir die skool. Ons wil asb. alle ouers aanmoedig om die handboeke in die sakkies in u kind se tas te los, aangesien u vir die handboeke gaan betaal indien dit beskadig is. Indien u belangstel kan u by Mev. Erica van Wyk by die skool bestel en betaal of kontak haar by 084 608 7099.

BEHOEFTIGE LEERDERS:
Indien u kind aan Buitemuurse aktiwiteite wil deelneem, en u nie die klere kan bekostig nie, skryf 'n brief aan die BL, en rig 'n versoek dat dit uit die behoeftige fonds betaal word. Briewe moet by die hoof ingehandig word. Ons wil geen kinders die reg ontneem om aan iets deel te neem nie.

BROODJIE LEERDERS:
Ons rig 'n spesiale versoek aan ouers wat broodjies kan maak vir die behoeftige leerders. U kan vir Casper Snyman kontak by die skool indien u ons van hulp kan wees. Ons benodig nog tien ouers wat broodjies kan maak.

EIENAARSKAP:
Baie dankie aan al die ouers wat aan ons eienaarskapprojekte deelneem. Ons waardeer u bydraes ongelooflik baie. Ons wil graag die tuine bietjie verbeter. As u dalk plante en potte kan skenk kan u die hoof skakel of epos by hoof@daniemalan.co.za.
Ons benodig ook speelgoed, leesboekies en fantasieklere vir die Graad R sentrum. Stuur asb. enige speelgoed, gebruik of nuut, na ons Graad R sentrum, indien u het waarvan u ontslae wil raak.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 5 – 9 FEBRUARIE 2015

PARKERING OP BESIGHEDE SE PERSELE:

Net 'n vriendelike versoek dat u nie op die besighede om die skool se persele moet parkeer as u, u kind kom af- of oplaai nie. Daar is verskeie klagtes van die besighede dat ouers op hulle perseel parkeer. U samewerking in die verband sal waardeer word.

MERIETE:

Trofees ontvang in 2014 moet so gou moontlik gegraveer teruggestuur word skool toe.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

STUDIEMETODE KURSUS GRAAD 4

Die jaar het op 'n hoë noot afgeskop en die Gr.4 leerders en ouers is al redelik vertroud met die "dinge" in Gr. 4. Aangesien die Gr. 4's die eerste keer blootstelling gaan kry aan formele toetse en eksamens, en die Gr. 4-ouers se "senuwees" dit moontlik nie gaan hou nie, is daar goeie nuus.
Dr. Suzette Ebersohn bied 'n Studiemetodes-kursus vir die Gr. 4's aan op Saterdag, 14 Februarie 2015 vanaf 08:00 tot 11:00. Koste R200 per leerder. U kan haar gerus kontak by 082 584 4953 of sebersohn@telkomsa.net.